# JEUG Funaand: Speletjies

Gee vir elke groep 'n emoji kaart met die verskillende emojis op. Vra 'n klompie vragies en kinders kan in die groep vir die leier wys hoe hulle voel as antwoord op die vraag.

**Vragies:**

1. Hoe was julle vakansie?
2. Hoe was die eerste week van skool?
3. Hoe voel julle om by die sel te wees vanaand?
4. Is julle reg vir die jaar?

**Speletjie 1: Catch te ball:** Begin met 21 spelers. 20 kry vir elkeen 'n stoel en sit in 'n sirkel. Die een kind staan in die middel van die sirkel. Die wat op stoele sit moet die bal gooi na een van die ander maats wat op stoel sit. Die kind in middel van sirkel moet probeer die bal vang. Indien hy/sy die bal gevang kry moet hy/sy op die persoon se stoel gaan sit wie die bal laaste gegooi het.

**Speletjie 2: Bybelse vasvrae:** Gaan powerpoint gebruik met vragies oor die Bybel en kinders moet raai wat is die regte antwoord.

**Speletjie 3: Bybel emoji:** Kinders kry 'n werksvel met emoji's op en hulle moet dan skryf wat die emoji's voorstel.

**Speletjie 4: Sokker:** Elke groepe maak hul eie sirkel. Hulle moet aan mekaar se skouers hak en met hulle bene van mekaar af wegstaan. Elke groep kry 'n balon wat dien as 'n sokker bal. Hulle moet probeer om die balon deur die bene te skop van 'n maatjie [dus 'n goal]. Die een wat nie kon keer dat die balon deur die bene geskop word nie val uit en moet eenkant gaan sit. Herhaal tot net 2 spelers oor is. [dus soos musical chairs]

**Speletjie 5: Noot vir noot:** Gaan powerpoint wys. Kinders moet na aanleiding van die prentjies raai watter liedjie ek na verwys en ook die regte prent kies wat by die liedjie pas.

**Speletjie 6: Bybelvers woord:** Kinders kry 'n werksvel met prentjies op en hulle moet dan skryf watter vers in die Bybel dit voorstel.

**Speletjie 7: Kunswerk:** Elke groep kry 'n stuk papier. Die eerste kind begin een voorwerp teken op die blaai bv 'n sirkel die volgende kind moet iets by teken en dan die volgende tot elke kind 'n beurt gekry het. Ons kyk dan met watter kunswerk hulle op eindig.

Sluit af met gebed in groepe.


How are you feeling?
happy
embarrassed
scared
nervous
goofy
surprised
quiet
annoyed
cool
sad
tired
excited
bored
sick
frustrated
angry
funny
proud





